

Byna te veel om uit te kies

Dalk het jy, miskien as kind, ook daarvan gedroom dat jy in 'n lekkergoedwinkel instap en vir jou kan vat net wat jy wil hê. “Kyk net hier! Nee, daardie is nog beter!” En toe gebeur dit eendag regtig met my ... En toe staan ek verdwaas in die middel van die winkel rond – só oorweldig dat ek nie weet wat om te kies nie ...

Op 'n manier het 'n mens dieselfde belewenis as jy Psalm 111 lees. Die wonderlike dinge wat hierdie psalm oor die Here openbaar, maak dat 'n mens byna nie weet waarop jy jou konsentrasie moet fokus en waaraan jy die styfste moet vashou nie! Dis asof die digter, gelei deur die Heilige Gees, oor sy eie woorde val, so opgewonde is hy om die Here se grootsheid en goedheid te beskryf.

Lees die psalm asseblief weer. Kies 'n vers, enige vers – en kyk hoe die grootsheid en goedheid van die Here ons God daarin skitter. Daar is eenvoudig sóveel verse waaruit 'n mens kan kies watter kosbaarheid jy op hierdie dag saam met jou wil vat: Uit vers 1 kan jy vasgryp aan hoe wonderlik dit is om hierdie Here van ons saam met mekaar te kan dien. Vers 2 wys dat God se daade 'n mens vreugde verskaf as jy daaroor terugkyk. In sy goedheid sorg Hy boonop dat sy magtige daade nie vergeet word nie (vs 3). En solank as wat 'n mens ons Here se magtige daade onthou, kan jy mos elke dag met nuwe moed aanpak. Vers 4 ... Vers 5 ... Ag, almal!

As ek 'n vers *moet* kies, vat ek vers 10 vandag saam met my: “Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen, het ware insig.” Hoe tragies sal dit nie wees as 'n mens al bogenoemde dinge oor die Here weet en nie elke dag jou hart daarop rig en daaruit leef nie? Die goeie nuus is egter dat ek en jy elke dag vir ons iets uit hierdie “winkel” kan kom haal, ja, *moet* kom haal (lees Matt. 13:52), gratis en verniet. God *gee* dit. Hoe dwaas sal ons wees as ons nie elke dag kom nie?

Sing: Psalm 146:1, 3

Dr. DF Muller (Buffeldoorns)